

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Steyn v S (A480/2011) [2012]

ZAWCHC 106 (10 February 2012)

[2012] ZAWCHC 106

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

Allie, Henney

CASE / FILE NUMBER

A480/2011

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP AFDELING)

Saak Nr.: A480/2011

In die appel tussen

JOHANNES STEYN

.....Appellant

TEEN

DIE STAAT

.....Respondent

UITSPRAAK GELEWER: VRYDAG, 10 FEBRUARIE 2012 Allie, R

- [1] Appellant kom nou in hoer beroep teen sy skuldigbevinding op crimen injuria, aanranding en opsetlike saakbeskadiging.
- [2] Die appellant het onskuldig gepleit in die landdroshof en het regsverteenvoer gehad. [3] Die staat beweer dat die appellant die klaer, Lamini, lelik gevloek en beledig het toe Lamini op appellant se plaas aankom met die klaer, Daniel Hannes, om horn uit te vra oor die papiere van 'n bakkie wat appellant vir Lamini gegee het in mil vir 'n skrapermasjien. Verder is dit die staat se saak dat appellant Mnr Lamini aangerand het deur horn met 'n houtknuppel te druk teen sy bors en die Nissan motor se deur teen sy linker enkel vas te druk. Die aanklag van opsetlike saakbeskadiging gaan oor die Nissan X-Trail motorvoertuig van Daniel Hannes wat appellant na bewering met sy trekker af sy plaas gestoot het en sodoende beskadig het.

- [4] Namens die appellant word daar beweer dat die landdros fouteer het toe hy die appellant se weergawe verwerp en die klaers se getuienis

aanvaar. Appellant maak staat op die Protokol vir toe gang tot Plase om sy optrede te regverdig in die iig van aanvalle op plase. Daar is geen getuienis oor die regsgeldigheid van die protokol nie. Die appellant se weergawe dat hy geglo het dat die klaers horn kom aanval op sy plaas word nie gestaaf deur die optrede van beide Lamini en Hannes nie. Hierdie argument strook nie met die getuienis van beide klaers nie.

- [5] Dit is ook gemeensaak dat die appellant die klaer, Lamini voorheen geken het, derhalwe is dit heel onwaarskynlik dat appellant sou dink dat Lamini horn kom aanval op sy plaas veral omdat hy, na bewering, die appellant voorheen gevra het vir die bakkie se lisensie papiere. Hy beweer ook dat hy beseer was in die voorval en steun op 'n foto wat ligte krapmerke op sy arms toon. Die fotograaf het self nie kom getuig nie en daar is geen bewys oor wanneer die foto geneem was nie.

- [6] Daar is enkele verskille tussen die getuienis van Lamini en Hannes wat soos volg lui. Lamini se nadat hy appellant gegroet het, het appellant skielik horn beledig en gevloek. Hannes se dat appellant Lamini gevra het om sy plaas te verlaat. Volgens

Hannes, het appellant Lamini ook beledig. Hannes getuig dat appellant horn gevra het om sy voertuig van sy plaas te verwyder. Hannes se die hek van die plaas was toe terwyl Lamini se dit was oop toe appellant hulle uitstoot in die Nissan X-Trail.

- [7] Soos in die verhoorhof, word daar nog steeds namens appellant betoog dat hy in noodweer opgetree het.
- [8] Al aanvaar die hof dat appellant Lamini gevra het om sy plaas te verlaat, regverdig Lamini se versuim om onmiddelik daaraan te voldoen nie appellant se optrede nie. Crimen Injuria
- [9] Gedurende sy getuienis in hoof, se die appellant indien hy die woord "hotnot" gebruik het, het hy dit nie op 'n rasistiese manier gebruik nie, maar wou hy slegs aandui dat Lamini horn nie soos 'n tsotsi moet gedra nie.
- [10] Die misdaad van Crimen Injuria word soos volg beskryf deur Snyman in Strafbereg (vyfde uitgawe) of bl. 457: "die wederregtelike, opsetlike en ernstige aantasting van die waardigheid of privaatheid van 'n ander."
- [11] Daar is geen argument uit te maak dat die gebruik van hierdie woord nie 'n aantasting van 'n persoon se waardigheid is nie.
- [12] Voorts gaan rasse terminologie gebruik word om die historiese verwysing na verskillende groepe te verduidelik.
- [13] Hierdie woorde was gewoonlik gedurende die apartheidsjare gebruik deur mense van die sogenaamde biankegroep op 'n neerhalende wyse veral teenoor sogenaamde kleurling mense en was daarop gemik om die menswaardigheid en eer van sodanige groep te skend

en te ondermyn. Daarom kan geen regdenkende Suid-Afrikaner vandag nog aanvoer dat die gebruik van sulke woorde teenoor 'n sogenaamde kleurling veral wanneer dit geuiter word deur iemand van die sogenaamde blanke groep nie 'n sodanige persoon se eer en waardigheid skend nie.

- [14] Die klaer Lamini getuig in hoof oor die woorde geuiter deur appellant soos volg: "... jou slim Boesman. Jy is mos n donnerse slim Hotnot." Verder getuig Lamini: "... maar even soos ek nou hier staan, as ek dink aan dit, ek voel nou nog seer"
- [15] Die hof moet ook noem dat die appellant gedurende kruisondervraging sy gebruik van die woord "hotnot" probeer regverdig deur om te se dat in die Vrystaat word dit gebruik nie as 'n rasistiese opmerking nie, maar as 'n verwysing na 'n "tsotsi". Die woord "tsotsi" word gebruik om 'n boef te beskryf. Wanneer growwe gedrag toegeskryf word aan 'n persoon deur die gebruik van 'n woord wat histories gebruik was om 'n ras groep te verneder kom dit neer op stereotipering. Derhalwe kom die gebruik van die woord "hotnot" neer op crimen injuria.
- [16] Dit is duidelik uit hierdie getuienis dat die klaer subjektief verneder voel. Gesien in die lug van hoe die woord histories gebruik was en hoe dit in hierdie geval gebruik was, is dit duidelik objektief gesproke, gebruik om die klaer te verneder. Derhalwe is ek van mening dat appellant se getuienis, saam gevat met die getuienis van Lamini en Hannes, dui aan dat appellant inderdaad horn skuldig gemaak het aan Crimen Injuria. Opsetlike saakbeskadiging en aanranding
- [17] Die appellant se getuienis oor waarom hy gedreig gevoel het in die teenwoordigheid van Lamini is dat die motor van Hannes die uitgang versper het en Lamini het op horn geskreeu en wou nie sy plaas verlaat nie. Namens appellant maak sy regsvertegenwoordiger die stelling aan Lamini dat sy weergawe nie strook met normale menslike ervaring nie. Dit is 'n geval waar die optrede van appellant inderdaad nie strook met normale menslike optrede nie.
- [18] Die appellant het na die Nissan motor toe gestap en die deur probeer toe maak terwyl Lamini se voet nog buite die motor was. Dit is nie die optrede van 'n persoon wat gedreig was deur Lamini of wat geglo het dat Lamini horn enige oomblik sou aanval nie. 'n Persoon wat gedreig was en gevrees het vir sy veiligheid sou nie die beweerde aanvaller nader tot by sy motor nie.
- [19] Wanneer 'n beskuldigde steun op noodweer, moet hy bewys dat sy optrede redelik was en die enigste uitweg was in die omstandighede. [sien: S v Ntuli 1975 (1) SA 429 (A) en S v Steyn 2010 (1) SASV 411 (A). Die appellant het dit nie bewys nie. Beide klaers se die appellant kon weggorn indien hy wou. Die appellant was gewapen terwyl die klaers nie wapens gehad het nie. Lamini het op die aanval op horn gereageer deur om agteruit te beweeg en terug in die motor te klim. Dit is nie die optrede van 'n persoon wat die appellant wou aanval nie.
- [20] Appellant se optrede strook nie met die regsverdigheidsgrond van noodweer nie.

[21] Na my mening, het die staat die bewyslas gekwyt. Die appellant se weergawe skep glad nie redelike twyfel op die staat se saak nie.

[22] Die appel word van die hand gewys. ALLIE, R Ek stem saam HENNEY, R

UITSPRAAK GELEWER: VRYDAG, 10 FEBRUARIE 2012

Allie, R

[1] Appellant kom nou in hoer beroep teen sy skuldigbevinding op crimen injuria, aanranding en opsetlike saakbeskadiging.

[2] Die appellant het onskuldig gepleit in die landdroshof en het regsverteenvoording gehad.

[3] Die staat beweer dat die appellant die klaer, Lamini, lelik gevloek en beledig het toe Lamini op appellant se plaas aankom met die klaer, Daniel Hannes, om horn uit te vra oor die papiere van 'n bakkie wat appellant vir Lamini gegee het in mil vir 'n skrapermasjien. Verder is dit die staat se saak dat appellant Mnr Lamini aangerand het deur horn met 'n houtknuppel te druk teen sy bors en die Nissan motor se deur teen sy linker enkel vas te druk. Die aanklag van opsetlike saakbeskadiging gaan oor die Nissan X-Trail motorvoertuig van Daniel Hannes wat appellant na bewering met sy trekker af sy plaas gestoot het en sodoende beskadig het.

[4] Namens die appellant word daar beweer dat die landdros fouteer het toe hy die appellant se weergawe verwerp en die klaers se getuienis

aanvaar. Appellant maak staat op die Protokol vir toe gang tot Plase om sy optrede te regverdig in die iig van aanvalle op plase. Daar is geen getuienis oor die regsgeldigheid van die protokol nie. Die appellant se weergawe dat hy geglo het dat die klaers horn kom aanval op sy plaas word nie gestaaf deur die optrede van beide Lamini en Hannes nie. Hierdie argument strook nie met die getuienis van beide klaers nie.

[5] Dit is ook gemeensaak dat die appellant die klaer, Lamini voorheen geken het, derhalwe is dit heel onwaarskynlik dat appellant sou dink dat Lamini horn kom aanval op sy plaas veral omdat hy, na bewering, die appellant voorheen gevra het vir die bakkie se lisensie papiere. Hy beweer ook dat hy beseer was in die voorval en steun op 'n foto wat ligte krapmerke op sy arms toon. Die fotograaf het self nie kom getuig nie en daar is geen bewys oor wanneer die foto geneem was nie.

[6] Daar is enkele verskille tussen die getuienis van Lamini en Hannes wat soos volg lui. Lamini se nadat hy appellant gegroet het, het appellant skielik horn beledig en gevloek. Hannes se dat appellant Lamini gevra het om sy plaas te verlaat. Volgens

Hannes, het appellant Lamini ook beledig. Hannes getuig dat appellant horn gevra het om sy voertuig van sy plaas te verwyder. Hannes se die hek van die plaas was toe terwyl Lamini se dit was oop toe appellant hulle uitstoot in die Nissan X-Trail.

- [7] Soos in die verhoorhof, word daar nog steeds namens appellant betoog dat hy in noodweer opgetree het.
- [8] Al aanvaar die hof dat appellant Lamini gevra het om sy plaas te verlaat, regverdig Lamini se versuim om onmiddelik daaraan te voldoen nie appellant se optrede nie.

Crimen Injuria

- [9] Gedurende sy getruienis in hoof, se die appellant indien hy die woord "hotnot" gebruik het, het hy dit nie op 'n rasistiese manier gebruik nie, maar wou hy slegs aandui dat Lamini horn nie soos 'n tsotsi moet gedra nie.
- [10] Die misdaad van Crimen Injuria word soos volg beskryf deur Snyman in Strafbereg (vyfde uitgawe) of bl. 457: ".: die wederregtelike, opsetlike en ernstige aantasting van die waardigheid of privaatheid van 'n ander."
- [11] Daar is geen argument uit te maak dat die gebruik van hierdie woord nie 'n aantasting van 'n persoon se waardigheid is nie.
- [12] Voorts gaan rasse terminologie gebruik word om die historiese verwysing na verskillende groepe te verduidelik.
- [13] Hierdie woorde was gewoonlik gedurende die apartheidsjare gebruik deur mense van die sogenaamde biankegroep op 'n neerhalende wyse veral teenoor sogenaamde kleurling mense en was daarop gemik om die menswaardigheid en eer van sodanige groep te skend en te ondermyn. Daarom kan geen regdenkende Suid-Afrikaner vandag nog aanvoer dat die gebruik van sulke woorde teenoor 'n sogenaamde kleurling veral wanneer dit geuiter word deur iemand van die sogenaamde blanke groep nie 'n sodanige persoon se eer en waardigheid skend nie.
- [14] Die klaer Lamini getuig in hoof oor die woorde geuiter deur appellant soos volg:
- "... jou slim Boesman. Jy is mos n donnerse slim Hotnot." Verder getuig Lamini: "... maar even soos ek nou hier staan, as ek dink aan dit, ek voel nou nog seer"
- [15] Die hof moet ook noem dat die appellant gedurende kruisondervraging sy gebruik van die woord "hotnot" probeer regverdig deur om te se dat in die Vrystaat word dit gebruik nie as 'n rasistiese opmerking nie, maar as 'n verwysing na 'n "tsotsi". Die woord "tsotsi" word gebruik om 'n boef te beskryf. Wanneer growwe gedrag toegeskryf word aan 'n persoon deur die gebruik van 'n woord wat histories gebruik was om 'n ras groep te verneder kom dit neer op stereotipering. Derhalwe kom die gebruik van die woord "hotnot" neer op crimen injuria.
- [16] Dit is duidelik uit hierdie getuienis dat die klaer subjektief verneder voel. Gesien in die lug van hoe die woord histories gebruik was en hoe dit in hierdie geval gebruik was, is dit duidelik objektief gesproke, gebruik om die klaer te verneder. Derhalwe is ek van mening dat appellant se getuienis, saam gevat met die getuienis van Lamini en Hannes, dui aan dat appellant inderdaad

horn skuldig gemaak het aan Crimen Injuria.

Opsetlike saakbeskadiging en aanranding

- [17] Die appellant se getuienis oor waarom hy gedreig gevoel het in die teenwoordigheid van Lamini is dat die motor van Hannes die uitgang versper het en Lamini het op horn geskreeu en wou nie sy plaas verlaat nie. Namens appellant maak sy regsvertegenwoordiger die stelling aan Lamini dat sy weergawe nie strook met normale menslike ervaring nie. Dit is 'n geval waar die optrede van appellant inderdaad nie strook met normale menslike optrede nie.
- [18] Die appellant het na die Nissan motor toe gestap en die deur probeer toe maak terwyl Lamini se voet nog buite die motor was. Dit is nie die optrede van 'n persoon wat gedreig was deur Lamini of wat geglo het dat Lamini horn enige oomblik sou aanval nie. 'n Persoon wat gedreig was en gevrees het vir sy veiligheid sou nie die beweerde aanvaller nader tot by sy motor nie.
- [19] Wanneer 'n beskuldigde steun op noodweer, moet hy bewys dat sy optrede redelik was en die enigste uitweg was in die omstandighede. [sien: S v Ntuli 1975 (1) SA 429 (A) en S v Steyn 2010 (1) SASV 411 (A)]. Die appellant het dit nie bewys nie. Beide klaers se die appellant kon wegkorn indien hy wou. Die appellant was gewapen terwyl die klaers nie wapens gehad het nie. Lamini het op die aanval op horn gereageer deur om agteruit te beweeg en terug in die motor te klim. Dit is nie die optrede van 'n persoon wat die appellant wou aanval nie.
- [20] Appellant se optrede strook nie met die regsverdigheidsgrond van noodweer nie.
- [21] Na my mening, het die staat die bewyslas gekwyt. Die appellant se weergawe skep glad nie redelike twyfel op die staat se saak nie.
- [22] Die appel word van die hand gewys.

ALLIE, R

Ek stem saam

HENNEY, R

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2012/106.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/steyn-v-s-unknown-topic-awchc-2012>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria